UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
8 - SEP 1966
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
LIBRARY

STEM VAN 8 VM. — 3 NM.

# Die Matie

SPESIALE VERKIESINGSUITGAWE
(UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)

STEM VIR TWAALF

Jaargang XX, No. 9 WOENSDAG, 17 AUGUSTUS 1966 Prys 3c

# VERKIESINGSKOORS LOOP HOOG OP AKKER

## Elkeen is Verantwoordelik om te Stem

DIE JAARLIKSE STUDENTERAADSVERKIESING vind vanjaar plaas op Maandag, 22 Augustus. Dit is die plig en verantwoordelikheid van elke lid van die Studente-unie om 'n aktiewe bydrae te lewer met hierdie verkiesing, deur by die Sirkus teenwoordig te wees en sy stem uit te bring by die stembus. Die Studenteraad is die verteenwoordiger van alle studente en daarom behoort die helê Studente-unie aan hierdie verkiesing deel te neem. Die Sirkus, waar kiesers die geleentheid kry om persoonlik met die kandidate kennis te maak, en waar vrae oor hulle beleidsverklarings gevra word, vind vanaand om 7.30 op die Coetzenburg Rugbypaviljoen plaas.

Alle kiesers moet kennis neem van 'n belangrike verandering wat in die stemprosedure aangebring is:

**ALLE P.S.O. - STUDENTE STEM BY DIE VERSKILLENDE FAKULTEITSSTEMBUSSE SOOS IN DIE VERLEDE. ALLE STUDENTE IN UNIVERSITEITSKOSHUISE STEM BY HULLE ONDERSKEIE KOSHUISE.**

Dit is van die grootste belang dat elke kieser volkome op hoogte van sake met die stemprosedure sal wees. Daarom word u versoek om die volgende instruksies noukeurig te bestudeer:

1. 'n Lid van die Studente-unie is stemgeregtig wanneer hy ten minste één semester lid van die Studente-unie was. Met dien verstande dat 'n persoon wat lid was, onmiddellik stemgeregtig sal word as hy weer lid word.

2. Die kieserslys bestaan uit lede, stemgeregtig op nominasiedag.

3. Besware met betrekking tot die kieserslys word op verkiesingsdag by die voorsitter van die Stembuskomitee gedoen; welke besware onmiddellik afgehandel word.

4. Die verkiesing vind plaas tussen 8 vm. en 3 nm. by wyse van 'n stemming met geslote stembriefies.

5. Onreëlmatighede in die stemming word onmiddellik by die voorsitter van die Stembuskomitee aangemeld, wat sal handel volgens eie goeddunke.

6. Elke lid sal nie minder as ses (6) en nie meer as twaalf (12) stemme uitbring nie.

7. 'n Alfabetiese naamlys van die kandidate met 'n nommer by elke kandidaat word in die stemlokaal aangebring.

8. 'n Kieser stem deur die nommer van die kandidaat op 'n stembrief aan te bring.

9. Slegs die stembrief deur die stembeampte verskaf mag gebruik word.

10. Elke kieser moet persoonlik in die lokaal stem.

11. Die stemprosedure is soos volg:

(a) 'n Stembrief word gegee aan elke persoon wat sy naam verstrek en wie se naam op die kieserslys is. Sodra 'n persoon 'n stembrief ontvang het, word sy naam van die kieserslys geskrap.

(b) Na stemming word die briefie in die geslote stembus, wat spesiaal vir daardie doel aangebring word, geplaas.

(c) Elke kieser is geregtig op 'n nuwe blanko stembriefie by inhandiging van die een wat hy beskadig het, indien dit gebeur.

12. Enige persoon kan deur die stembeampte versoek word om die lokaal te verlaat indien hy onnodig lank daar vertoef.

13. Alle nuwe lede (d.w.s. eerstejaars en seniors wat vir die eerste maal op Stellenbosch ingeskryf is) sal op 'n groen stembrief stem, terwyl almal wat 'n jaar op Stellenbosch gestudeer het, op 'n wit stembrief stem.

14. 'n Kennisgewing van die verkose kandidate en die totale aantal stemme op elkeen uitgebring, saam met die persentasie stemme uitgebring, word as voorlopige uitslag aangebring onmiddellik nadat die tel van stemme voltooi is.

15. Indien enige lid van die Studente-unie beswaar het dat die verkiesing nie ooreenkomstig die bepalings van die konstitusie plaasgevind het nie, of dat die verkiesing om enige ander rede ongeldig is, handig hy sodanige beswaar binne vier-en-twintig (24) uur skriftelik by die voorsitter van die Stembuskomitee in, wat die beswaar so gou moontlik aan 'n arbitrasiehof vir beslissing sal voorlê. Die beslissing van die arbitrasiehof is finaal en indien dit ten gunste van geldigheid van die verkiesing is, word die verkose Studenteraad geag gekies te wees vanaf daardie oomblik.

16. Indien daar geen beswaar skriftelik by die voorsitter van die Stembuskomitee ingedien is, binne vier-en-twintig (24) uur na die bekendmaking van die voorlopige uitslag nie, word die verkose Studenteraad geag geldig te wees.

U samewerking sal op prys gestel word.

Baie dankie.

ERNST VAN DER WALT.
(Voorsitter, Stembuskomitee).

**DIE 23 KANDIDATE MET HULLE BESONDERHEDE VERSKYN BINNE.**



**Hier is die lede van die stembuskomitee. Voor verskyn (v.l.n.r.) Koos Grabe, Ernst van der Walt (voorsitter) en Hennie Vermaas. Agter staan Dirk Hertzog en Kobus Anthonissen.**

## HOË ONDERSKEIDING

Prof. C. A. du Toit, Hoof van die Departement Soölogie en Dekaan van die Fakulteit van Natuurwetenskappe aan die Universiteit, is onlangs tot lid van die Spesiale Komitee vir die Internasionale Biologiese Program verkies.

## *Raadslede van U.S.*

Die Staatspresident het Senator P. O. Sauer en mnr. J. W. Sleigh vir 'n verdere termyn van vier jaar, en wel tot 1 April 1970, tot lede van die Universiteitsraad benoem. Senator Sauer dien nou sy veertigste jaar in die Raad en verwerf daarmee die onderskeiding dat hy die langste dienstermyn in die Raad het. Mnr. Sleigh dien reeds 27 jaar in die Raad.

## Brown is Middelpunt op Monstervergadering

DIE Neethlingsaal is op die onlangse monstervergadering vol gepak deur belangstellende studente. Reeds 'n uur voor die begin van die vergadering het studente voor die deur begin saamdrom. Die saal wat gebou is vir ongeveer 300 persone moes plek verskaf aan 800 mense. Die belangstelling was 'n direkte gevolg van die versoekskrif wat op die kampus die rondte gedoen het. 'n Mosie van dank aan S. E. D. Brown, redakteur van die South African Observer, op die onlangse A.S.B.-kongres was die bron van die versoekskrif. Mnr. Brown sou hom skuldig gemaak het aan verdagmakery.

Mnr. Boy Geldenhuys, voorsitter van die S.R., het die aanbieding van die petisie geweier weens die onkonstitusionele aard daarvan en ook omdat persfotograwe die opstellers vergesel het. Die opstellers het toe besluit om die saak op die jaarlikse monstervergadering te opper.

Die voorstel wat op die vergadering aangeneem is, is 'n amendament van mnr. C. Wiese op 'n mosie wat deur mnr. Ernst van der Walt ingedien is. Mnr. Van der Walt se oorspronklike mosie is behou as 'n punt (f) van dié aangenome amendement.

In die aangenome voorstel word o.a. misnoeë uitgespreek teen mnr. Brown se laakbare aanvalle op vooraanstaande Afrikaners; 'n kommissie van ondersoek aangestel wat op 18 Augustus verslag moet doen; die saak word ook terug verwys na die A.S.B.-hoofbestuur vir heroorweging van die aangenome mosie.

Gedurende die besprekings is dikwels uit koerante aangehaal. Gevoelens het hoog geloop toe sommige sprekers gesê het dat die opstellers van die petisie se motiewe onsuiwer was aangesien daar ander weë was om te volg.



## SYTZE ALKEMA

IVde Jaar

B.A. (Regte) III

### ONDERVINDING:

**1965/66:** Rubriekskrywer „Die Simonsberger".


**1966:** Voorsitter S.B.V.; Huiskomitee Simonsberg.

### BELEID:

**Ek stel my tot diens van die Studente-unie.**

*Voorsteller:* Christo H. Wiese.

*Sekondante:* Jan Louw, G. H. (Phila) Meiring, Mike van Rensburg, R. Duvenhage, Guy Liebenberg.



## WIM BOTHA

VIde Jaar

M.A. (Geografie)

M.A. Beplanning

### ONDERVINDING:

**1962:** Redaksielid van „Die Matie".

**1963:** Sekretaris Geskiedenisvereniging; Redaksielid van „Die Matie"; Sekretaris A.S.B.-komitee; Afgevaardigde na die A.S.B.-Kongres te Pretoria.

**1964:** Redaksielid van „Die Matie" (A.S.B. en Inter-universitêr); Sekretaris Verenigingskomitee; Sekretaris Kleure-komitee; Sekretaris A.S.B.-komitee; Afgevaardigde na die A.S.B.-Kongres te Potchefstroom; Voorsitter Geografievereniging.

**1965:** Sekretaris A.S.B.-komitee; Voorsitter Geografievereniging; Sub-redakteur van „Die Matie"; Vise-Primarius van Huis Visser.

**1966:** Lid van die Studenteraad, 1965/66; Tesourier en lid van die Uitvoerende Komitee van die S.R.; Voorsitter van die Advertensieburo van die S.R.; Afgevaardigde na die A.S.B.-Kongres te Stellenbosch; Vise-Primarius van Huis Visser; Stigterslid en Tesourier van die Junior Rapportryerskorps van die Universiteit Stellenbosch; Leier van die Matie-span in die inter-universitêre vasvrareeks.

### BELEID:

**Tot diens van die Studente-unie met die strewe om die Christelik-nasionale karakter van Stellenbosch ten alle koste te bewaar.**

*Voorsteller* Boy Geldenhuys.

*Sekondante:* Viccie le Roux, H. F. Verwoerd, Clifford Heys, Johann du Toit, (mej.) E. Vorster.



## JEANETTE COETZEE

IIIde Jaar

B.A. (Regte) III

### ONDERVINDING:

**1966:** Sub-komitee Karnavalkomitee; H.T.B.-Huiskomitee.

### BELEID:

**Ek stel my ten doel:**

**(1) Om die Universiteit as bakermat van die Afrikaner na die beste van my vermoë te dien.**

**(2) Die uitbouing van die nasionale strewe en Christelike karakter van ons universiteit.**

**(3) Om die hele studentegemeenskap te dien — andersdenkendes sal ek op beginsel beveg, maar as studente dien.**

*Voorsteller:* Dave Richter.

*Sekondante:* H. Mentz, Christo H. Wiese, F. A. Cloete, J. R. G. Polson, C. R. Graham.

## JOHANN DU TOIT

IVde Jaar

B.Sc. Bosbou IV

### ONDERVINDING:

**1964:** Junior Breëbestuurslid; Waarnemer A.S.B.-kongres (Potchefstroom).

**1965:** Huiskomiteelid van Huis Visser; Verenigingskomitee en A.S.B.-komitee.

**1966:** Primarius van Huis Visser; Verenigingskomitee; A.S.B.-komitee; Afgevaardigde na die A.S.B.-kongres.




### BELEID:

**Ek is bereid om die studente-unie na die beste van my vermoë te dien.**

Voorsteller: Clifford Heys.

*Sekondante:* Boy Geldenhuys, Hennie Venter, Wim Botha, Eben Olivier, (mej.) E. Vorster.



## ANTON ERASMUS

Vde Jaar

Hons.-B.Sc. (Landbou)

### ONDERVINDING:

**1964:** Sekretaris van die Publikasiekomitee van S.R.; Sekr. van Stellenbosse Student.

**1965:** Koshuisverteenwoordiger van U.S. Atletiekklub.

**1966:** Lid van Studenteraad; Voorsitter van Intervarsity-komitee; Huiskomitee (Dagbreek).

### BELEID:

**(1) Dit is my strewe om die belange van die studentegemeenskap na die beste van my vermoë te behartig.**

**(2) Wat beginselsake betref sal ek altyd getrou wees aan:**

**(a) ons Christelike beginsels en**

**(b) ons Afrikaanse kulturele belange.**

**(3) Samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes is in die tyd waarin ons leef uiters noodsaaklik. Dit moet geskied deur wedersydse respek en waardering. Die identiteit van beide groepe moet behoue bly. Enige ander poging behalwe hierdie sal agterdog wek wat nie die belange van beide groepe dien nie.**

*Voorsteller:* Boy Geldenhuys.

*Sekondante:* W. J. Lübbe, Clifford Heys, (mej.) Elsa Vorster, Wim Botha, (mej.) Annette van Wyk.



## CHARL HAASBROEK

IVde Jaar

B.A. (Regte) III

### ONDERVINDING:

**1964:** Junior Breëbestuur; Sportredakteur van „Die Berghaan".

**1965:** Lid van Openbare Betrekkinge-komitee; Helderberg-huiskomitee.

**1966:** Lid Karnavalkomitee.

### BELEID:

**(1) Ek is 'n Christen en 'n Nasionalis en beoog dus die uitbouing van die Christelik-Nasionale leerstellinge en wil vreemde idees beveg.**

**(2) Myns insiens het die Karnaval in die verlede nie sy volle moontlikhede bereik nie en ek pleit vir 'n verbetering van die Karnaval. Ek stel voor dat die Karnavalkomitee 'n wedstryd uitskryf oor „Hoe die Karnaval meer opwindend gemaak kan word".**

**(3) Ek glo dat ons studentelewe verryk kan word mits die Studenteraad nie bang is om gedurigdeur nuwe idees in die praktyk toe te pas nie bv. Die instelling van 'n „Dating Bureau" en so meer.**

*Voorsteller:* Christo H. Wiese.

*Sekondante:* R. Duvenhage, George Pretorius, H. Mentz, G. H. (Phila) Meiring, Mike van Rensburg.



## FANIE JACOBS

Vde Jaar

LL.B. II

### ONDERVINDING:

**1963:** Wyksraadslid van die Nasionale Party Studentetak.

**1964:** Wyksraadslid van die Nasionale Party - Studentetak; A.C.S.V.-kringleier.

**1965:** Sentrale Karnavalkomitee; Wyksraadslid van die Nasionale Party Studentetak.

**1966:** Advertensiebestuurder van „Die Matie" en van „Die Pieke"; Wyksraadslid van die Nasionale Party Studentetak; Afgevaardigde na A.S.B.-kongres; Afgevaardigde na die Afrikaanse Studente Persunie (A.S.P.U.)-konferensie; Voorsitter Reëlingskomitee van die A.S.B.-Studenteleierskursus; Organiseerder van die Nasionale Party tydens Volksraadsverkiesing in die kiesafdeling Umhlatuzana, Natal; Stigterslid, asook Bestuurslid van die Junior Rapportryerskorps van die Universiteit van Stellenbosch.

### BELEID:

**(1) Terdeë bewus van die groot verantwoordelikheid en eise van dit wat die Studenteraad aan tyd en kragte sal verg, is dit my vaste voorneme en opregte begeerte om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.**

**(2) Met die snelle uitbreiding van ons Universiteit moet ons as Studente-unie, en by name die Studenteraad, waak teen afsplitsing en verbrokkeling. Die eenheid van ons studentegemeenskap moet ten alle koste bewaar word — ons is in die eerste instansie almal Maties.**

**(3) Dit is my oortuiging om altyd te handel in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikanerstudent sonder om afsydig te staan teenoor die ander taalgroep. Hierdie beskouing is gegrondves op 'n Protestants - Nasionale grondslag en alleen deur dit te handhaaf kan Stellenbosch sy grootse plig vervul, nl. diens aan sy God en diens aan sy volk.**

*Voorsteller:* Willie Lübbe.

*Sekondante:* Boy Geldenhuys, Wim Botha, Hendrik Klem, (mej.) Elsa Vorster, Eben Olivier.



## ELSABÉ JANSEN

IVde Jaar

S.O.D.

### ONDERVINDING:

**1965:** Huiskomiteelid van Harmonie; Bestuurslid van Geografievereniging.

**1966:** B.T.K.-Bestuurslid; Bestuurslid van Geografievereniging; Primaria van Heemstede.


### BELEID:

**Ek stel my tot diens van die Studente-unie van Stellenbosch.**

**Ek sal probeer om die studentebelange te bevorder.**

*Voorsteller:* Hennie Venter.

*Sekondante:* Anton Erasmus, Boy Geldenhuys, Ernst Lombard, Jacob van der Merwe, Danie du Toit.



## VICCIE LE ROUX

VIIde Jaar
B.Th. III

### ONDERVINDING:

**1960:** Student U.O.V.S.

**1961:** Huis Malherbe Huiskomitee; K.J.V.-bestuur; Admissiebondbestuur.

**1962:** Vise-voorsitter Admissiebond; lid Intervarsity-komitee; Redaksie „Tussen Ons"; lid Ontgroeningskomitee.

**1963:** Redakteur „Tussen Ons"; lid Ontgroeningskomitee; Primarius Huis Malherbe; lid Studenteraad U.O.V.S.

**1964:** Student te U.S.

**1965:** Lid A.S.B.-bestuur; lid Huiskomitee (Dagbreek).


**1966:** Lid van Studenteraad; Sekretaris Dagbreek-Huiskomitee; Vise-voorsitter A.S.B.-Komitee; Voorsitter Publikasiekomitee; A.S.B.-Hoofbestuur.

### BELEID:

**Daar die S.R. vele pligte en eise stel, is ek bereidwillig om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien. Dit is my strewe om die beginsels eie aan ons volk en godsdiens te handhaaf. Die nuwe sal ook daaraan getoets word.**

*Voorsteller:* Boy Geldenhuys.

*Sekondante:* Willie Lübbe, Clifford Heys, Wim Botha, (mej.) E. J. (Elsabé) Jansen, (mej.) Annette van Wyk.



## HENDRIK MENTZ

VIde Jaar
B.Th. III

### ONDERVINDING:

**1963:** U.S. Debatsvereniging-Tesourier; C.S.V.-Koshuisverteenwoordiger.

**1964:** Sekretaris U.S.-Debatsvereniging; C.S.V.-Koshuisverteenwoordiger.

**1965:** Onder-voorsitter U.S.-Debatsvereniging; C.S.V.-Koshuisverteenwoordiger.

**1966:** Onder-Primarius Helderberg.

### BELEID:

**(1) Ek ondersteun 'n positiewe uitbouing van die Christelik-Nasionale tradisie van Stellenbosch; m.a.w. ek is nie daarvóór om hierdie leuse omhoog te hou as 'n stoere vaandel waaronder die pas markeer word nie.**

**(2) Verder onderneem ek om steeds 'n gewillige oor te verleen tot die kritiek van die krities-denkende konserwatis, vir wie Stellenbosch skynbaar nie juis 'n eie plek en sê gun nie.**

**(3) Wat ek met graagte sou wou doen, is om die knoop te ontrafel m.b.t. die L.G.S. en dan die Studente-unie daaromtrent vollediglik in te lig.**

*Voorsteller:* G. A. C. (George) Pretorius.

*Sekondante:* Christo H. Wiese, Wim Botha, Anton Erasmus, De Villiers Lamprecht, D. A. (Danie) du Toit.



## JOHANN MEYER

IIIde Jaar
B.A. III

### ONDERVINDING:

**1964:** Wenner van Eerstejaarsredenaarskompetisie; Debatsbestuur.

**1964/65:** Besoek verskeie Europese universiteite.

**1965:** Junior Breëbestuur; Redaksie „Die Besem", Organiseerder van „Ku Klux Klan" reklameset; waarnemer A.S.B.-Kongres; derde in Inter-Universitêre Redenaarskompetisie; Sekretaris van Debatsvereniging; Redaksie van „Stellenbosse Student"; wenner van Senior-redenaarskompetisie.

**1966:** Karnavalkomitee; beoordelaar Eerstejaars-redenaarskompetisie; A.S.B.-komitee; Afgevaardigde na A.S.B.-Kongres; Ondervoorsitter van Debatsvereniging; Sub-Redakteur van „Akkerjol"; Voorsitter van Afrika Simposium; Redaksie „Stellenbosse Student"; Voorsitter Wilgenhof Besprekingsklub; wenner van Inter-Universitêre Redenaarskompetisie.


### BELEID:

**Bewus van die hoë eise wat aan 'n Studenteraadslid gestel word, stel ek my tot beskikking van die Studente-unie.**

**Ek sal my beywer vir die handhawing en uitbouing van die tradisionele karakter van Stellenbosch.**

*Voorsteller:* Willie Lübbe.

*Sekondante:* Boy Geldenhuys, De Villiers Lamprecht, (mej.) E. Vorster, Flip McDonald, D. A. du Toit.



## ORG POTGIETER

IIIde Jaar
B.A. II

### ONDERVINDING:

**1964/65:** Sportverslaggewer „Die Matie".

**1965:** Subkomitee „Die Besem"; Subredakteur „Die Stellenbosse Student".

**1965/66:** Sportredakteur „Die Matie"; Lid van Karnavalkomitee; Eerste Redakteur van „Akkerjol".

**1966:** Redakteur „Die Stellenbosse Student".

**1966/67:** Redakteur „Wilgenhof-Gedenkboek"; Redakteur „Akkerjol".


### BELEID:

**Ek sal my beywer vir die uitbouing en handhawing van die tradisionele karakter van Stellenbosch. 'n Blindelingse aanvaarding van dinge bring net verstarring mee. Dit is nie deel van hierdie karakter nie en moet dit nooit wees nie. Alleenlik deur opbouende kritiek te lewer en dit ook van sy lede te aanvaar, kan enige organisasie of liggaam lewenskragtigheid en vooruitgang toon. Veranderinge moet vanselfsprekend op 'n konserwatiewe basis en na goeie oordenking plaasvind.**

**Voorts sal ek my dit ten doel stel om 'n meer aanvaarbare basis te probeer vind waarop ons Karnaval in die toekoms kan plaasvind, aangesien dit net so 'n noodsaaklike en 'n inherente deel van die studentelewe vorm as akademiese aangeleenthede.**

*Voorsteller:* D. J. Richter.

*Sekondante:* Dirk J. Kotzé, G. H. (Phila) Meiring, Willem van Vuuren, B. A. (Ben) Bets, C. F. (Charl) Haasbroek.



## DAVE RICHTER

IVde Jaar
B.Sc., B.Ing. IV

### ONDERVINDING:

**1964:** Junior Breëbestuur.

**1964/65:** V.S.I.S.-bestuur; Afgevaardigde na jaarlikse S.A.F.U.I.S.-konferensie; Huiskomitee P.S.O.

**1965/66:** Lid van die Studenteraad; Voorsitter Verenigingskomitee; Onder-voorsitter Karnavalkomitee; Onder-voorsitter Intervarsity-komitee.

### BELEID:

**(1) Ek sal met 'n verantwoordelike pligsbesef die Studente-unie dien.**

**(2) Ek glo daaraan dat 'n kritikus van 'n onderneming of organisasie nie noodwendig 'n teenstander van daardie onderneming of organisasie is nie.**

**(3) Ek sal poog om die Studenteraad 'n meer beskermende rol teenoor die studente te laat speel.**

*Voorsteller:* Christo H. Wiese.

*Sekondante:* George Pretorius, G. H. (Phila) Meiring, Mike van Rensburg, R. Duvenhage, Jan Louw.



## BOBBIE SCHERRER

VIde Jaar
B.Th. II en M.A.

### ONDERVINDING:

**1962:** C.S.V.-kringleier; Ondervoorsitter Vereniging vir Sosiologie en Maatskaplike Werk.

**1963:** Org. Sekr./Tes. Admissiebond-Toerbestuur.

**1965:** Sekr. „Vires Unitates" (Koshuispublikasie); Bestuur Geogr.-vereniging; A.S.B.-komitee; Afgevaardigde na die A.S.B.-kongres te Heidelberg.

**1966:** Eendrag Huiskomitee; Tes. A.S.B.-komitee; Afgevaardigde na A.S.B.-kongres te Stellenbosch; Tes. van Werkverskaffingsburo.

### BELEID:

**Terdeë bewus van die eise en verantwoordelikhede wat die Studenteraad stel, is dit my vaste voorneme en opregte begeerte om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.**

**Samewerking tussen verkillende groepe moet gehandhaaf word in 'n wedersydse erkenning en waardering van mekaar se lewensbeskouinge en -beginsels.**

**Voorts is dit my strewe dat Stellenbosch getrou sal bly aan die lewenspatroon en Christelike karakter van die Afrikanerstudent.**

*Voorsteller:* Wim Botha.

*Sekondante:* Willie Lübbe, Deon van Wyk, Eben Olivier, (mej.) Doreen Heyns, Mike van Rensburg.



## ORG SWANEPOEL

VIde Jaar
B.Th. III

### ONDERVINDING:

**1961/62:** Student U.O.V.S.

**1963:** C.S.V.-Kringleier; Sekretaris Admissiestudentebond; Subredakteur „Tussen Ons"; Afgevaardigde na Teologiese Konferensie te Pretoria.

**1964:** Student Universiteit van Stellenbosch; C.S.V.-Kringleier; L.L.V.-Komitee.

**1965:** C.S.V.-Koshuisverteenwoordiger.

**1966:** Tesourier Huiskomitee Huis Marais; Sekretaris Afr. C.S.V.-Universiteitstak; Lid van Huis Marais-sportkomitees.

### BELEID:

**Kyk — om te sien.**
**Hoor, om te luister.**
**Praat en handel slegs wanneer daar gesien en geluister is.**
**Deur my te hou, vir sover as wat dit moontlik is, aan bogenoemde, stel ek my bereid tot diens aan u.**

*Voorsteller:* Clifford Heys.

*Sekondante:* Jacob van der Merwe, Hendrik Klem, Fanie Jacobs, Willie Lübbe, (mej.) Tobiana Louw.



## MINETTE V. D. MERWE

IIIde Jaar
B.A. III

### ONDERVINDING:

**1965:** Sekretaresse van die Junior Breëbestuur; Bestuurslid van die Sielkundevereniging.

